APRIL 2026 UITGAWE 2026/4

DIE KWIKKIE

DIE NUUSBRIEF VAN TWEE RIVIERE AFTREE-OORD

GESEËNDE PAASTYD



HIERDIE UITGAWE

BESIGE BYE	2
NOMMERS	3
KENNISGEWINGS	4
VERJAARSDAE	9
DR. ARNOLD SMITH	11

TRAO Verwelkom die Theron Familie ons nuwe Oordbestuur Gesin

Die Raad van Trustees verwelkom die nuwe Oordbestuurder Mnr Petré Theron, met ingang van 1 April 2026.

Baie welkom ook aan jou eggenote Lise-Marie en seun Conrad, as deel van die TRAO familie.

Ons sien met verwagting uit na die bou en handhaaf van 'n uitsonderlike Oord en sy mense.



BELANGRIKE NOMMERS & TYE

EKSTERNE TELEFOONNOMMERS

Arrie Nel Apteek:	012 548 1721
Dis-Chem (Kolonnade):	012 523 9120/9
Dis-Chem (Zambezi Junction):	012 574 0489
DSTV MultiChoice:	012 422 2222
Fisioterapeut (Andrea):	082 556 8121
Frogfoot Support	021 448 7225
Haarsalon	068 381 3373
Kind2Hearing (Oudiologie):	012 110 4612
Kombuis (Cheryl):	012 941 5947
Montana Hospitaal:	012 523 3000
Medwell SA:	012 347 8344
Ontvangs (Leonore & Estelle):	012 010 0924
Polisie (Sinoville):	012 543 8800
Sorgsentrum:	012 010 0943
TLC (The Local Choice):	012 030 0266
Matrone:	012 010 0933
Nadine (Medwell SA):	012 010 0934
Voetversorging (Sonica):	082 468 3775
Voetversorging (Precious):	078 122 4605
TV/DSTV (Kleintjie):	083 276 3683
Skoonmaakdienste/Wassery (Maree):	072 622 4130

INTERNE TELEFOONNOMMERS

- Ontvangs: (Estelle) 1001
- Ontvangs (Leonore): 1002
- Matrone: 1004
- Oordbestuurder: 1005
- Onderhoudsbestuurder (Johan): – Kontak via kantoor
- Nadine: 1007
- Haarsalon: 1006
- Sorgsentrum: 1009
- Sekuriteit Hek 1: 1010
- Sekuriteit Hek 2: 1011
- Kombuis: 1020

(SLEGS OP 3CX)

KANTOORURE

MAANDAG TOT VRYDAG
08:00 — 16:00
ETENSTYD
12:00 — 12:30

Gesluit op Saterdae & Sondae
Publieke Vakansiedae

NA-URE NOODNOMMERS

MEDIES
063 640 7223
ONDERHOUD
079 531 9827

Neem asb. kennis dat die noodfoon, 079 531 9827, slegs vir water- en elektrisiteitsprobleme na-ure geskakel moet word.
Moet asb. nie die noodnommer bedags skakel nie. Skakel Ontvangs, (012) 010 0924 gedurende kantoorure.

WELKOM

Baie welkom aan alle nuwe inwoners van Twee Riviere Aftree-Oord. Ons vertrou dat u reeds met u bure kennis gemaak het en tuis voel.

WELCOME

We would like to welcome all new residents at Twee Riviere Retirement Village. We trust that you have already become acquainted with your neighbours and feel at home.

INLIGTING & AKTIWITEITE

HYSBAKKE

Om onnodige onderbrekings met die diens van die hysbakke te voorkom, mag slegs EEN groot meubelstuk op 'n slag in die hysbak vervoer word.

OORDDOKTER

Die oorddokter besoek die Oord op Donderdae om 14:00

Maak asseblief 'n afspraak by Nadine—1007

Medwell SA
The Home Health Care Specialists

CLINIC HOURS

08:30 - 11:00

Tuesdays & Thursdays

BUSDIENS

Die Oordbussie vertrek om 08:30 en keer terug om 11:00

Maandae: Kolonnade Winkelsentrum

Woensdae: Zambezi Junction en

Vrydae: Kolonnade Winkelsentrum

Bespreek u plek by ontvangs vir hierdie gratis diens.

BELANGRIK | IMPORTANT

Stel asseblief ontvangs in kennis indien u vanuit die oord verhuis of na 'n ander eenheid verhuis.

~o~

Please notify reception when you are moving out of the village or moving to another unit.

BESIGE BYE

Elke 2de & 4de Dindag om 09:00 in die saal. Kom deel in lekker "Arts & Crafts"

WASSERY

Bespreek by Maree via WhatsApp of sms op 0726224130 as u wasgoed of strykwerk wil laat doen van Maandag tot Donderdag

BYBELSTUDIE

Hervormde Kerk, op Woensdae om 09:00 in die saal, APK Kerk, op Donderdae om 10:00 in die saal, NG Kerk, op Vrydae om 09:00 in die saal

JUKSKEI

Dinsdae & Donderdae 16:00 by die jukskeibane. Ons kan help met skeie. Kom ontspan saam. Kontak vir Danie #2196

RUMMIKUB

Woensdae in die saal om 14:00 tot 16:00

SORGSENTRUM INWONERS

As u beskikbaar en sterk genoeg is om elke Donderdag vir 'n uur 'n sorgsentrum inwoner vir 'n uitstappie te neem, kontak asseblief vir Nadine #1007

PRIVAAT TUINDIENSTE

Bespreek by Ontvangs vir privaat tuindienste teen **R70.00** per uur

WATERBEPERKINGS

Gelyke eenheidnommers vir tuinnatmaak is Maandae, Woensdae en Vrydae. Ongelyke eenheidnommers is Dinsdae, Donderdae & Saterdae

KOOROEFENING

Dinsdae 14:00 in die saal. Kom word deel van Twee Riviere se puik koor. Kontak vir Jannie X2061

BINGO

Donderdae 14:30 in die saal. Almal welkom om te deel in die pret. Kontak vir Pieter #2047

IS JY DEEL VAN DIE STATISTIEK?


Digitale bedrog neem vinnig toe in Suid-Afrika, met duisende nuwe gevalle wat jaarliks aangemeld word en finansiële verliese wat tot miljarde rande styg. Soos die statistiek wys, word banktoepassings al hoe meer gebruik as 'n manier om mense te teiken, wat beteken dat almal van ons 'n potensiële slagoffer kan wees.

By Twee Riviere Aftree Oord wil ons ons inwoners en hul families bewus maak van hierdie groeiende risiko. Bedrieërs raak al slimmer en gebruik dikwels telefoongesprekke of sogenaamde "hulp" om toegang tot jou persoonlike inligting of selfoon te kry.

Is jy deel van die statistiek? Moenie wees nie.

Wees ingelig en uiters versigtig vir wie jy jou persoonlike inligting gee, veral telefonies. Geen bank of betroubare instelling sal ooit jou PIN, wagwoorde of eenmalige kodes vra nie. Moet ook nooit jou selfoon aan iemand oorhandig wat jy nie ken nie, selfs al bied hulle aan om te help.

Jou veiligheid begin by bewusmaking. Bly waaksaam, vra vrae en beskerm jouself en jou geliefdes teen digitale bedrog.



Geagte Inwoners,

Ons vra vriendelik u ondersteuning om 'n veilige en beskermde omgewing vir almal in die landgoed te handhaaf. Daar mag soms situasies voorkom waar sekuriteitsbeamptes nie ten volle aandag aan hul pligte gee nie, soos om te slaap tydens diens of afgelei te word deur selfoongebruik. Ons verstaan dat inwoners soms simpatie kan hê, maar dit is belangrik om te besef dat enige gebrek aan waaksaamheid die hele landgoed in gevaar kan stel.

Om hierdie rede moedig ons inwoners met respek aan om enige sulke voorvalle aan te meld. Verslagdoening gaan nie daaroor om iemand in die moeilikheid te bring nie, maar om te verseker dat alle beamptes waaksaam bly en dat sekuriteitsstandaarde gehandhaaf word.

Indien u enige kommer opmerk, verskaf asseblief:

- Datum
- Tyd
- Ligging (Hoofhek of Bohek)

U samewerking en ondersteuning speel 'n belangrike rol om ons gemeenskap veilig te hou.

Vriendelike groete,
Fidelity Bestuur

MENSWEES OP AARDE 5



Jaco het 'n nuwe liefde gevind en met Susan getrou in 1973. Die vriendskap tussen Jaco en Nico was nog groot. Jaco het nog nie 'n televisie besit nie, en Nico het geen krag in die huis gehad nie. Nico se televisie is in Jaco se huis geplaas. Hulle het elke aand saam televisie gekyk.

Jaco en Nico se vriendskap het twee jaar later tot 'n einde gekom as gevolg van 'n verhouding wat ontstaan het tussen Nico en Susan.

Drie kinders is gebore uit Jaco en Susan se huwelik. Een seun en twee dogters. Die twee se huwelik het geeindig na agtien jaar. Twee jaar later verloor hy sy twintigjarige seun in 'n skietongeluk.

Na vyf jaar se soek na 'n Hantie wat nog warm in sy hart was maar nie beskikbaar was nie, vind Jaco vir Marinda wat Hantie se plek kon volstaan en trou met haar. Na twaalf jaar op die plaas verhuis hulle as gevolg van grondeise. In dieselfde jaar sterf Jaco se Ma en ook Marinda se Ma. Jaco se Pa sterf 'n jaar later. 'n Vriendskap het weer ontwikkel tussen Jaco en Nico waar daar net per geleentheid gekuier is.

Sewe jaar later verhuis Jaco en Marinda na 'n nuwe tuiste. In die eerste twee jaar het Nico twee keer vir Jaco kom kuier. Hantie laat weet Jaco dat sy vriend oorlede is.Die dag van afskeid breek aan! Jaco en Marinda ry Brits toe vir die begrafnis. By die kerk sien Jaco vir Hantie alleen staan en hy stap na haar toe. Hy sit sy arms om haar en hoor hoe sy weer sag begin huil. Dit maak seer en Jaco voel hy kan haar net styf bly vashou, maar besef daar is mense wat hulle dophou. Hy staan eenkant toe en Marinda groet vir Hantie met 'n stywe omhelsing. Terwyl Jaco en Marinda terugry Pretoria toe wonder hy hoekom die lewe so ingewikkeld moet wees. Die vrou langs hom het hy baie lief en hulle is so gelukkig saam. Jaco besef die stywe aanraking vandag met Hantie het 'n warm gevoel gelaat. Jaco dink dit kan tog nie liefde wees na soveel jare nie. Dit is eerder 'n jammerte vir haar verlies.

Marinda se skielike heengaan vier jaar later was vir Jaco 'n geweldige skok. Twee weke na sy oorlede is beland Jaco in die hospitaal as gevolg van die dood van Marinda. Hulle was 29 jaar gelukkig bymekaar. Krag van bo en goeie vriende om Jaco het gehelp dat hy weer vinnig herstel het. Maar die liewe eensaamheid laat mens voel of jy teen die mure kan uitklim." My gedagtes dwaal en soek na 'n tweede glas op die tafel, maar dit is nie daar nie! Ek besef meteens daardie glas het mos onherstelbaar gebreek en ek moes dit met groot jammerte in die asblik gaan gooi. 'n Wonderlike glas wat God aan my geleen het, wat altyd vol liefde saam met my hierdie sonsondergange geniet het. My gemoed skiet vol en ek vra in stilte "Here hoekom het U haar nou al weggeneem?"

Jaco besef dat tyd nie stilstaan nie en daar 'n nuwe lewe wag wat jy van voor af moet bou. In sy geheue speel daardie dag by sy vriend se begrafnis voor hom af. Hoe verduidelik jy aan iemand dat daar na sestig jaar nog 'n diep warm gevoel is vir haar? Jaco wonder of Hantie nog dieselfde oor hom voel. Hy besluit om vir haar 'n boodskap te stuur en vra of hy by haar kan kom koffie drink?
Ek wonder wat se antwoord wag vir Jaco?

JJ49

Skuilname is in hierdie artikel gebruik.



Sedert Die Kwikkie uitgawe van Desember 2025 was daar nog geen skrywe vanaf die Oordbestuurder of Voorsitter nie. Dit is as gevolg van bedankings wat plaasgevind het.

Met hierdie skrywe wil ons graag **mnr Frans Potgieter** bedank vir al die ure van sy tyd wat hy aan die Oord spandeer het. Vergaderings, skrywes, onderhoude, instandhoudings en vele meer take het hy met ywer en entoesiasme gedoen. Ons wat saam met hom gewerk het, het die grootste waardering daarvoor. As ons 'n opname sou doen wat alles gedurende sy termyn as Voorsitter verbeter en opgegradeer is, sal ons verstom wees.

Die pos van **Oordbestuurder** is sedert middel Desember 2025 vakant. Sekere prosesse moes eers gevolg word en advertering moes plaasvind.

100 Aansoeke is ontvang en dié moes eers deurgewerk word, kortlys moes saamgestel word, referente geskakel word en onderhoude gevoer word. As alles volgens plan verloop kan ons vanaf 1 April 2026 of laastens op 1 Mei 2026 weer 'n Oordbestuurder in diens hê.

'n Woord van dank ook aan **Johan Roos** wat sedert Desember 2025 etlike take moes byneem bo en behalwe sy normale pligte. Dit word hoog op prys gestel Johan.

Verskeie inwoners het navrae gerig oor 'n **2de paniekknoppie** vir veiligheid. Die kwotasie wat ingewin is daarvoor is sowat R600 000 wat beteken R1 300 per knoppie per eenheid. Dan moet die batterye van die knoppie ook nog gereëld deur die inwoner op vol sterkte gehou word.

Heelwat kontrakte van kontrakteurs is sedert die begin van die jaar hernu, naamlik Fidelity, Vox, Medwell, Silver Violet en die Bussiebestuurder.

Die **Algemene Jaarvergadering** se voorlopige datum is geskeduleer vir **25 Junie 2026** by Magalieskruin NG Kerk.

'n Ander aspek wat verdere aandag geniet is die sogenaamde **FAR (Floor Area Ratio)**. Die FAR word deur die munisipaliteit bepaal en is bepalend ten opsigte van vergroting van patio en oprigting van bv. karafdakke. Dit is bepalend ten einde nuwe oprigtings of uitbreidings toe te laat.

'n Verdere aspek wat ons wil toelig is dat besluite wat deur die **Regspersoon (Body Corporate)** tydens 'n Algemene Jaarvergadering geneem word, bindend op alle inwoners en die Raad van Trustees is.

Mag 2026 vir u almal verder rustig verloop en dat goeie gesondheid met u almal sal wees.

VOORSITTER
Jurie de Jongh



TRAO INWONERS

Neem asb. kennis dat geen versoeke direk aan TRAO se Onderhoudsbestuurder, Johan, sy personeel en/of aan enige personeel van D&S Maintenance Group (Tuindienste) gerig mag word nie. Geen gelde mag/moet aan enige personeel van die tuindienste gegee word nie. Alle versoeke moet by kantoor aangemeld word, waarna daaraan aandag geskenk sal word.
Vra elke inwoner se samewerking asb.
OORDBESTUURDER

WEBTUISTE:

DIE KWIKKIE

ADVERTENSIES OP WEBTUISTE
R200 Per Advertensie

Spasie is nou beskikbaar vir die advertering van dienste en items op ons webwerf! Pryse word tans bepaal en sal binnekort bekend gemaak word.

Moet ook nie stres oor die ontwerp nie! EP Digital SA (beter bekend as Kwikkie Tydskrifuitlegkunstenaars / Uitlegontwerpers en Sosiale Media Bestuurders) is beskikbaar om te help met professionele ontwerpe teen 'n verlaagde tarief – vir beide aanlyn én drukwerk. Hou ons dop vir meer besonderhede of kontak ons vandag om jou plek te bespreek!

www.tweeriviere.co.za
Skakel ons asseblief vir meer inligting
Tel: 012 010 0924
EPOS: admin1@trao.co.za | admin2@trao.co.za

AANDAG:

DIE KWIKKIE

ADVERTENSIE PRYSE

ADVERTENSIES IN KWIKKIE VIR INWONERS & OORDDIENSVERSKAFFERS
Kleiner as A6 - R 30
Kwartblad (A6 PORTRET) - R 100
Halfblad (A5 LANDSKAP) - R 163
Volblad (A4 PORTRET) - R 350
ADVERTENSIES IN KWIKKIE VIR BUITE INSTANSIES
Kleiner as A6 - R 60
Kwartblad (A6 PORTRET) - R 200
Halfblad (A5 LANDSKAP) - R 325
Volblad (A4 PORTRET) - R 700
ADVERTENSIES OP DIE KENNISGEWINGSBORD
Volblad A4 advertensie - R 200
NUUT: ADVERTENSIES OP WEBTUISTE
R200 Per Advertensie
www.tweeriviere.co.za
Skakel ons asseblief vir meer inligting
Tel: 012 010 0924
EPOS: admin1@trao.co.za | admin2@trao.co.za

KWIKKIE-ADVERTENSIES:

BLADSYORIËNTERING EN GROOTTES



NEEM ASB. KENNIS VAN DIE VEREISTES HIERBO WAT BENODIG WORD VIR ADVERTENSIES

www.tweeriviere.co.za
Skakel ons asseblief vir meer inligting
Tel: 012 010 0924

Gelukkige Verjaarsdag

VERJAARSDAE
APRIL 2026

#	Datum	Naam & Van
C117	01-Apr	Gerrie Kirsten
A025	02-Apr	Frenda Kluever
A033	03-Apr	Naomi Bernardo
B117	04-Apr	Christa Van Biljon
A217	06-Apr	Anne-Marie De Jongh
A087	07-Apr	Willa Bezuidenhout
A060	07-Apr	Mari Van Eeden
A065	07-Apr	Ansie Le Grange
A059	08-Apr	Annelise Oberholzer
B217	09-Apr	Hilda Slabbert
A073	09-Apr	Brian Kennedy
A094	10-Apr	Isabel Jonck
A212	10-Apr	Frank Oosthuysen
B222	10-Apr	Thunis Rossouw
B327	11-Apr	Sarie Engelbrecht
A020	13-Apr	Marie Chalmers
A014	16-Apr	Judy Bamberger
B020	16-Apr	Alice Du Preez
B024	17-Apr	Jannie Jacobs
A019	18-Apr	Elmarie Mostert
C109	18-Apr	Ria Van Wyk
C113	18-Apr	Janetta Botha
A103	20-Apr	Elsabé Elmes
A108	20-Apr	Jannie Steenekamp
B221	21-Apr	Christien Pieterse
A051	22-Apr	Elaine Ruyssenaers
A095	23-Apr	Johan Van Loggerenberg
A104	23-Apr	De Wet Bergh
A227	23-Apr	Zelda Verster
C208	26-Apr	Tersia Du Plessis
A300	26-Apr	Tersia Beukes
B002	27-Apr	Hantie Van Zyl
A195	28-Apr	Bets Visage
A088	29-Apr	Amanda Cronjé
A177	29-Apr	Clemens Palmer
A216	29-Apr	Annetjie Engelbrecht
A281	30-Apr	Bob Rookhuyzen
B116	30-Apr	Danie Grabe
C216	30-Apr	Johan De Bruyn



"AS U VERJAARSDAG UITGELAAT EN/OF FOUTIEF IS, KONTAK DIE KANTOOR VIR REGSTELLING ASB."

PAASFEES RESEP

"HOT CROSS BUNS"

Bestanddele:

Vir die deeg:

- 500 g koekmeel
- 75 g suiker
- 10 g kitsgis
- 1 teelepel sout
- 1 teelepel kaneel
- ½ teelepel gemengde speserye
- 250 ml warm melk
- 50 g botter, gesmelt
- 1 eier
- 150 g rosyne of sultanas

Vir die kruis:


- ½ koppie meel
- ±5 eetlepels water

Vir die glans:

- 2 eetlepels appelkooskonfyt

Metode:

1. Meng die meel, suiker, gis, sout en speserye in 'n groot bak.
2. Voeg die warm melk, botter en eier by en meng tot 'n sagte deeg vorm.
3. Knie die deeg vir ±10 minute tot glad en elasties.
4. Meng die rosyne in en knie liggies deur.
5. Bedek en laat rys op 'n warm plek vir ±1 uur, tot dit dubbel in grootte is.
6. Verdeel die deeg in ±12 bolletjies en plaas op 'n gesmeerde bakplaat.
7. Bedek en laat weer rys vir ±30 minute.
8. Meng die meel en water vir die kruis tot 'n pasta en spuit 'n kruis oor elke broodjie.
9. Bak teen 180°C vir 20 tot 25 minute tot goudbruin.
10. Verhit die appelkooskonfyt en verf oor die warm broodjies vir 'n mooi glans.



RUS IN VREDE

OORLEDENES

HN ERASMUS - C215

20/03/2026

IB MULDER – B006

20/03/2026

AC JOOSTE – A286

20/03/2026

JC KRAUSE – A317

03/03/2026

"Wanneer is genoeg, genoeg?!"

- Dr. Arnold Smith



My antwoord as iemand my vra hoe dit gaan is reeds welbekend by mense wat my ken. Dis meeste van die tyd: "Dit gaan goed genoeg, dankie!" Verbaas wil mense weet wat dan verkeerd is dat dit nie goed gaan nie. My antwoord is ook bekend, gebore uit Ps. 16:5 en 6: "5 Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang kom alles van U af.
6 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het is vir my mooi."
Wat die Here aan my gee is dus vir my goed genoeg".

Dit gaan dan eintlik oor 'n lewe van tevredenheid, alhoewel nie selftevredenheid nie.
Die lewe is egter nie eenvoudig nie en soos alles duurder word beleef 'n mens dat die behoeftes groter as die aanbod is. Wat gister genoeg was; die hoeveelheid geld waarmee ek kon kos koop, ry of verblyf bekostig het minder geword. Dit maak dat die behoeftes net meer word.
In die huidige klimaat styg ons oliepryse en vrees ons verdere verarming as gevolg van 'n oorlog buite ons. 'n Beskrywing wat ons eers aan ander gegee het, vat ons deesdae vir onsself – "behoeftig"! Ons voel behoeftig.
Soos ons dalk verswak word alles duurder en as ons ander moet gebruik om ons op te pas en te versorg en ons hulle moet betaal word die eise meer.

Wanneer is genoeg, genoeg word ook bepaal deur wat ons vroeër aan gewoond was. Dit word ook bepaal deur wat ek sien ander het en ek nie het nie.
Die afgelope tyd het ons geweldig baie reën gehad en toe ek op 'n sonskyndag die opmerking maak van, "sjoe, die son skyn!" antwoord iemand my: 'Jy praat nou soos 'n boer!" bedoelende die reën was dalk net teveel.

Die media help ons ook nie baie nie.

Ons kan alles op TV sien en kan "shop" vir eredienste, vermaak en "noodsaaklikhede". Later is min dinge vir ons genoeg.

Ek sien meer ontevrede mense as wat ek tevrede mense sien, mense wat werklik vrede het.

Agur in Spreuke 30 vers 7-9 help my nogal: "7 Net twee dinge vra ek van U; moet my dit nie weier nie; daarna kan ek sterf:
8 moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie;
moet my nie arm maak of ryk nie,
gee my net die kos wat ek nodig het,
9 sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: "Wie is die Here?, nie.
En sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam

oneer aandoen nie."

Dis vir my altyd mooi as iemand sy mes en vurk bymekaar sit op die bord en terugskuif en sê: "Ek het welgedaan, dankie!" Dit sê" genoeg was genoeg!"

April is 'n mooi maand in 2026. 3 April is Goeie Vrydag en 5 April is Paas Sondag - Opstanding Sondag. Die graf is leeg! Jesus leef! Deur sy sterwe en opstanding kan ons as "nuwe" mense, geestelik tevrede en versadigde mense leef.
Ons het genade op genade ontvang.
Natuurlik skuif ons maklik die grense van genoeg.. Tog kan ons as mense met genoegdoening leef omdat ons binne sy vrede en harmonie leef en weet dat wat ek van Hom ontvang goed genoeg is.
Ek het nie alleen ontvang wat die Here my gee nie. Ek het Hom in Christus deur sy Gees ook ontvang en dis genoegsaam.

Kom ons gee egter vanuit sy versorging ag op die behoeftes van ander rondom ons.
My bekende onthou woord: Wanneer ons dankie sê vir ons brood op ons tafel is daar ander wat besig is om te bid,:"Gee ons vandag ons daaglikse brood". 'n Deel van ons brood is ook vir hulle bedoel.

Geseënde April vir jou!



KERKDIENSTE

APRIL 2026



DIENS BEGIN 09:00 IN SAAL.
BRING U LIEDBOEK SAAM.

SONDAG, 05 APRIL 2026
DR ANNELIE BOTHA, HERVORMDE KERK

SONDAG, 12 APRIL 2026
DS CHRISTIE SMIT, NG GEMEENTE MONTANA

SONDAG, 19 APRIL 2026
DR PIETER HEYSTEK, GEREFORMEERDE KERK

SONDAG, 26 APRIL 2026
DS CHRISTIE SMIT, NG GEMEENTE MONTANA

VERSOEK VIR KWIKKIE ARTIKELS:

Die Kwikkie-nuusbrief is 'n gemeenskapskoerantjie wat getrou deur ons inwoners gelees word. Ek weet hier is baie inwoners wat vele stories het om te vertel en dat daar ook interessante aktiwiteite op die Oord plaasvind waarvan ons nie eers weet nie. Alle artikels moet asseblief voor of op die 18de van elke maand aan die kantoor deurgegee word – elektronies in 'Word'-formaat. Neem ook kennis dat alle artikels deeglik vir alle spelfoute en gramatika nagegaan moet word voor dit aan die kantoor gestuur word.
Skakel Estelle 1001 of Leonore 1002 vir meer inligting.
-OORDBESTUURDER

DIE WAAIERTJIE VAN MADEIRA



'n Stoomskip van die Holland-Afrika Lijn het op 26 Oktober 1926 vasgemeer by die hawe van Madeira. Die jong vrou, sowat 20jaar oud, het aan wal gestap saam met ander passasiers. Klein stalletjies het goedere aangebied om te koop. Die waaiertjie is moontlik van ivoor of skilpaddop, versier met handgeverfde rosies in pienk en swart. 'n Satynlintjie is deurgeryg. Die waaiertjie is agterop gemerk met pen: 26 Okt 1926.

Die ink het al verbleik maar is nog leesbaar. Dis nou nege-en-negentig jaar later wat my moeder uit Nederland na Suid-Afrika gekom het. Die Eerste Wêreldoorlog, die Spaanse Griep van 1918 en die klam, nat weer het nie bygedra tot haar gesondheid nie. Verblyf in Switzerland het nie gehelp nie. Daar het sy Frans, Italiaans en Duits aangeleer. Sy het reeds Engels en Nederlands gepraat. Haar oom Dirk, wat verbonde was aan die Staatsargitekskantoor in Bloemfontein (voor 1899) het aanbeveel dat sy in die droë klimaat van die Oranje Vrystaat gesond sal word. Sy kon by familie vriende in Bloemfontein woon en het later 'n Diploma in Verpleging verwef. Haar brief aan Ouma in Nederland het 'n opskudding veroorsaak.

In Nederlands geskryf....." Ek kom nie terug nie, hierdie land gee my gesondheid vir my". In 1930 is sy aangestel as die eerste Stafverpleegster by die nuwe, moderne Pretoria Algemene Hospitaal. (Modernste hospitaal in die Suidelike Halfrond!) Die naam het in die 1960's verander na die H.F.Verwoerdhospitaal.

- Rose Olivier. (C212)

TRAO KAMP MAART 2026

Lowergroen bome en struike was 'n fees vir die oog toe sowat 43 Wegbrekers by die ATKV Oord, Buffelspoort, op Sondag 1 Maart 2026 ingery het. Indien jy jou venster of deur oopgelos het, het die "verwelkomingskomitee" jou begroet. Party is deur die ape besoek, en wat moes vervang word? Beddegoed!

Reënerige weer het niemand se geesdrif gedemp nie! Behoorlike braaigeriewe en 'n groot afdak het gesorg dat die vure lekker kon vlamvat en saans is daar gebraai, met pap en 'n heerlike laaaang sous of Tiek Hefer se brood. Bedags is daar geswem, 'n Glybaan by die swembad is ook aangedurf. "Putt-putt" bane is besoek, en by die tafeltennis en "pool" tafels kompetisies gewen of verloor. Sommige Wegbrekers het smiddae weggeval aan wafels met BAIE roomys en goue stroop.

Trofees is uitgedeel: (Beste Gees) Giel en Nelie Nel wat saans gesorg het vir vrolike musiek met klawerbord, kitaar en konsertina. Daar is selfs gedans. 'n Vasvra is behendig hanteer deur Japie Alberts en Peet van Rensburg (Skerpste Potlood). Bettie Gous (Beste Toewyding), Jack J van Rensburg (Bo-baas vuurmaker), Wena Schutte het uitgeblink (Bo-baas Storieverteller) en Cora Visser (Grapjas).

Daar was ook 'n "Ontploffing" 'n Gevriesde 2L Pepsi bottel se inhoud was oor die vloer en druppels op die dames se pajamas. 'n Wolkbreuk op Donderdag het gesorg vir "drenkelinge" wat kaalvoet en sopnat die restaurant betree het vir 'n heerlike "brunch". Daar is gegly en geval. Ons is dankbaar niks is gebreek. Versugtinge wat opgeklink het met T20 krieketuitslae het vinnig verdwyn toe 'n heerlike malvapoeding en vla hul verskyning gemaak het, na die laaste aand se byeenkoms.

Hou DV 11-16 Oktober 2026 oop, ons gaan te De Voetpadkloof kamp. Dit beloof ook 'n treffer te wees, vol verrassings. Dan beplan ons ook om DV Maart 2027 weer Weesgerus toe te gaan.























Die Regspleging

(vervolg van Maart KWIKKIE 2026)

'n Appèl in 'n groot saak was geargumenteer voor regter Greenberg. Die advokaat het langdradig betoog en uiteindelik na 'n hele dag se betoog, afgesluit met die woorde: 'Om hierdie redes word submiteer dat die appèl behoort te slaag.' Waarop die regter opmerk 'om welke redes?' Die advokaat het toe eenvoudig voor begin na hy opgemerk het dat 'sy Edele dan nie mooi geluister het nie'. Hy het die hele volgende dag sy betoog herhaal en die Regter moes maar luister. Regter Greenberg se enigste kommentaar daarna was dat dit nie altyd 'n regter help om sarkasties te wees nie.

Adv Upington en 'n sekere Regter het nie veel ooghare vir mekaar gehad nie, en as hulle in dieselfde hof was, was daar gereeld onmin. Op 'n dag was Upington voor die regter en hulle het van 10h00 tot net voor 13h00 'vasgesit'. Toe die regter die hof vir etenstyd verdaag, was sy opmerking: 'meneer Upington, u het die hele oggend uit u pad gegaan om u minagting vir hierdie hof te demonstreer', waarop Upington verbaas opgemerk het: 'U Edele, ek dag ek het die hele oggend uit my pad gegaan om dit weg te steek!'

Tydens die verhoor van Daisy de Melker is getuig dat een van die oorledenes wat vermoor is, 'n lid van 'n sekere krieketklub was. Die advokaat, sonder om te dink wat hy vra, vra toe of dit voor of na sy dood was, waarop regter Greenberg ewe droog opmerk dat hy 'nog altyd onder die indruk was dat die spesifieke klub 'n plaaslike krieketklub was!'

Regter Curlewis was baie geïnteresseerd in mense en hulle afkoms. Wanneer 'n naam of van genoem word in sy hof, en hy dink hy ken dalk die familie, sou hy dadelik navrae doen van watter familie die persoon is. So word deur 'n swart getuie getuig van ene 'baas Hall', en dadelik word gevra of die persoon dan familie sou wees van sekere ander mense met dieselfde van. Die getuie se antwoord was 'Nee, my baas. Ek weet nie watter baas Hall dit is nie. Ons swartmense roep hom 'Boggerall!'

Regter Maritz het 'n swartman met die naam Dynamite Dhlamini verhoor in Nelspruit op 'n geweldsaanklag. Toe die man skuldigbevind word, is sy vorige veroordelings bewys, waarop etlike skuldigbevindings op ander geweldsmisdade geblyk het. Regter Maritz merk toe op dat die beskuldigde dalk sy naam moet verander want sy naam klink so 'plofbaar'. 'n Paar jaar later staan dieselfde man weer voor Regter Maritz tereg op 'n geweldsaanklag, en hy herken die man. Op sy vraag of hy toe nie sy naam verander het nie, vertel die beskuldigde ja, hy het; hy heet nou Dynamite Maritz!

Regter Solomon was vroeër in sy lewe 'n priester, en het in daardie amp vele mense in die eg verbind. Hy is, sover bekend, die enigste regter wat jare later dieselfde egpaar wie hy in die eg verbind het, ook daarna as Regter geskei het.
Jare gelede was daar 'n oortreding bekend as 'loitering', [om op een plek doelloos rond te staan.]. Die doel was om die manne wat rondstaan by versamelplekke om te sien wie kan welke misdaad waar pleeg, van die strate af te kry. Dis mense wat gekyk het wie kan hulle beroof, wie kom uit die bank met geld, wie is maklike slagoffers vir sakkerol ens. Die oortreding het vereis dat 'n polisiebeampte so 'n mens dan 'n 'redelike waarskuwing' gee om homself uit die voete te maak, en as die polisieman, wat sy rondte gestap het, weer daar kom, en die man is nog daar, dan word hy arresteer vir 'loitering'.
So vertel die toentertydse Prokureur-Generaal van Transvaal, Adv Nöthling, van sy ondervinding as jong aanklaer. Hy het so 'n saak gehad, en toe vir die beskuldigde gevra word wat hy pleit, was sy vraag: 'Vertel my eers, jou honor, is 'f@$$@f 'n fair warning?'

In die dae toe die eerste dames as Regters aangestel is, was dit 'n vraag hoe hulle aangespreek moet word. So het 'n verbouereerde advokaat gepraat van 'edeldierbaarste'. 'n Jong senuagtige advokaat wat die aanspreekvorm op enige moontlike wyse probeer systap het, moes op 'n stadium die Engelse Regter aanspreek, en al wat hy kon uitkry was "My goddess"

Covid het ook vir sy kwota humor gesorg. Omdat

(Vervolg op bladsy 16)

(Regspleging, Vervolg van bladsy 15)

die howe eenvoudig moes sit, maar die Regter en advokate nie in dieselfde vertrek bymekaar kon wees nie, is begin met verhore waar elkeen, behoorlik 'ge-toga' in sy eie huis gesit het en is die verhoor dan oor die internet gehou. Elkeen se gesig en stem was op die skerms sigbaar en hoorbaar. Maar nie almal is ewe bedrewe met die internet kommunikasie nie, en dan raak 'n beeld of 'n stem weg. So gebeur dit dat die een advokaat in haar woonstel van tyd tot tyd 'hofhou' oor die internet. Na 'n ruk kom die bejaarde buurvrou van die advokaat na haar toe en vertel hoe bly sy is vir die diep-gelowige nuwe buurvrou wat sy het, een wat gereeld bid. Die advokaat vra toe waarvan praat sy, en toe kom die antwoord: 'Ek hoor gereeld hoe jy bid, ek hoor hoe jy gereeld roep 'My Lord, do you hear me? My Lord, do you see me?'

Die vreemdste vonnis, van 'n landdros van Malamulele, is deur Regter van Dijkhorst aangeteken in sy boek 'Die Hof verdaag.' Die beskuldigde, 'n ou man van 73 wat 'n ander man bewusteloos geslaan het in 'n stryery oor hout wat gekap en verkoop is, is gevonnis 'tot wedergeboorte in die plaaslike kerk en gereelde bywoning van die eredienste.' Die pastoor moes 'n dan later 'n dokument indien by die hof dat die man toe wel wedergebore is!

Daar word vertel van die beskuldigde en sy 'pêlle' wat hul eie drank gestook het, en toe die brousel reg was om gedrink te word, word al wat leef genooi en kort voor lank is almal gekletter. Die verwagte onmin lei tot 'n bakleiery en so word een met 'n 'empty' oor die kop geslaan. Hy val neer en sterf. In die daaropvolgende verhoor getuig die distriksgeneesheer dat die oorledene 'n besondere dun skedel gehad het. Toe die beskuldigde die dokter vrae kon vra, het hy net een vraag vir die dokter gehad: 'Wat maak 'n mannetjie met so 'n dun skedel op 'n bierpaartie?'

In die dae toe regters pruike in die hof gedra het, is 'n ouerige swaksiende man verhoor, maar kort-kort moes die regter die man vra om die vrae van die advokaat te antwoord. Die beskuldigde kon dit nie meer hanteer nie en sê toe 'As die ouvrou met die rooirok net wil stilbly, sal ek die vrae kan antwoord!'

In 'n ander verhoor het die tolk, wat die antwoorde op die vrae wat aan die beskuldigde gevra was toe hy getuig het, moes vertolk, 'n lang gesprek gevoer met die getuie, maar niks daarvan oorgetolk vir die hof nie. Die Regter wou toe by die tolk weet wat sê die beskuldigde, waarop die tolk sê 'hy praat oor irrelevante goed U Edele.' Die regter sê toe dat hy sal besluit wat irrelevant is, die tolk moet net vertolk wat die beskuldigde getuig. Die tolk sê dis reg, en toe tolk hy: 'Die beskuldigde vra waar u daardie rooi rok kry, en of Checkers dit ook aanhou; en weet die regter dalk wat kos dit in Checkers?'

Daar was die pankop landdros wat in die omloop as 'skedelagbare' bekend was. Regter X was erg hardhorend, en toe een van die advokate, wat sy saak verloor het voor regter X, gevra word deur sy kollegas, wie die regter was wat die saak verhoor het, was sy vies reaksie: 'niemand nie.'




ADVERTENSIES

Live in carer 24/7 available all over RSA

Cornelia Isabel Garces

(Corrie) **072 432 3333**



About: Tolerant / loving / caring / team worker / problem solver / follows instructions / excellent communication (Afrikaans and English) / creative / active / animal lover / nonsmoker / Driver's License

- Palliative Care
- Frail Care
- Disability care

Private Care Experience (References available on request): Dementia / Parkinson's / Cancer / Disabilities / Special needs / Stroke / Bedridden / PEG Feeding / Catheter and more ...

Testimonial:

"Corrie is an amazing care giver she bolted after my grandfather for more than a year. He loved her chats and the care and protection she gave him. At the end when he was bedridden, he did not have one bed sore she moved him wound and made his last days so special We will always be grateful for her passion for the job she is really the best Not only to the patient but too our family and friends as well."

LITHIUM BATTERY BRANDBLUSSER

FB FLAMEBLOCK

FLAMEBLOCK

Gemaak vir Lithium brande
Beskikbaar in **2l, 6l, 9l**
Ander groottes op aanvraag
Aanvaar deur versekeringsmaatskappye en komplekse.



Maak jou huis 'n veiliger plek.

KONTAK ONS
012 004 0173
info@safesun.co.za
https://www.safesun.co.za

BAKGATLA – PILANESBERG

MIDWEEK BESKIKBAAR (MAANDAG – VRYDAG)

APRIL – 27 APRIL TOT 1 MEI 2026

AUG – 17 AUGUSTUS TOT 21 AUGUSTUS 2026

KONTAK : EMMA 082 685 0307 (A294)

SLYP VAN MESSE & SKêRE @ R30 ELK

Ek doen ook beitels en boorpunte, asook elektriese sweiswerk, herstel en instandhouding van rolstoele of enige ander toebehore

Izak Groenewald #2022 of 073 256 3315

BENODIG JY 'N VERSORGER?

VERSORG BY JOU HUIS

MEER AS 15 JAAR ONDERVINDING

ROOK NIE, DRINK NIE

BETROUBAAR MET EIE VERVOER

KONTAK MY GERUS : MARINDA VAN ASWEGEN

SELNR : 082 485 4006

(HET NA CHRISTO KRAUSE TOT SY AFSTERWE OMGESIEN BY TWEE RIVIERE AFTREE-OORD – A317)




ONS

KOOP OU GOUD

Kontak **STANLEY** by: **076 195 9626**



GOUDPRYSSTYGING OOR DIE JARE



WOODLANDS TAK
Shop 52D, Woodlands Boulevard, Pretoria

KOLONNADE TAK
Shop U45, Sefako Makgato Montana, Pretoria

MENLYN TAK
Shop G112, Menlyn Park, Atturbury Pretoria

ADVERTENSIES

WATER TE KOOP! BESTEL NOU!



SKAKEL JANNIE MEINTJES BY 2061
OF WHATS-APP NA 082 787 2121
INDIEN NODIG: AFLEWERINGS
VRYDAE 8:00 - 11:00



EASTER crossword



1. Easter, 2↓ bird, 2→ butterfly, 3. cupcake,
4. egg, 5. rabbit, 6. hen, 7. bee, 8. tulip, 9. grass



ADVERTENSIES

VARSPRODUKTEMARK



ELKE DINSDAG IN DIE PARKEERAREA

TRAO MARKDAE 2026



DINSDAE 9:00 – 11:00

GEEN VERKOPE VOOR 09:00

Geen outomatiese besprekings

KONTAK: PEET VAN RENSBURG

A239 OF 082 894 3982

Uitstallers is verplig om vroegtydig voor elke markdag te bespreek.

7 APRIL, 5 MEI,
2 JUNIE, 7 JULIE, 4 AUGUSTUS,
1 SEPTEMBER, 6 OKTOBER & 3 NOVEMBER.

KOMPOS / BEMESTING

Beproefde kompos, beperkte hoeveelheid @ R60 per 25kg

Tuingrond, Bogrond & Riviersand @ R90 per 50 kg sak

Gratis aflewering op Woensdae in die Oord

Skakel Wollie: 083 957 5124

of 082 045 6618 (bel of Whatsapp)

Kontant of Eft



TRAO INWONERS

NEEM ASB. KENNIS DAT BEWYS VAN ADRES SLEGS OP VERTOON VAN FISIESE ID DOKUMENT BY ONTVANGS VERKRYGBAAR IS (NIE BESTUURSLISENSIE NIE).

VAKATURE

Vakature beskikbaar vir die hantering van die Afrikaanse & Engelse Biblioteek, Blok B, 2de Vloer. Belangstellendes, kontak Ontvangs asb.

ESTELLE #1001

LEONORE #1002

50+ Welcome

Hello there,

I'M MARLENE OPPERMAN

I'm a property practitioner specialising in helping people find their ideal retirement homes at **Twee Riviere Retirement Village.**

LOOKING TO BUY OR SELL?

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions



011 805 6316
WWW.CSI-EUF.CO.ZA



BACHELORS
APARTMENT FOR SALE

R685 000

Neat bachelor apartment featuring a spacious open-plan living area, kitchenette, ample cupboard space, spacious bathroom— designed for comfortable, easy living in a well-maintained setting.

SCAN TO VIEW PROPERTY

Features

- ✓ Bachelors Apartment
- ✓ Spacious Bathroom
- ✓ Panic Button
- ✓ Open-Plan Living
- ✓ Cozy Kitchenette
- ✓ Ample Cupboard Space



1 BED, 1 BATH
APARTMENT FOR SALE

R750 000

Lovely 1-bedroom apartment with open-plan living area, modern kitchen, wheelchair-friendly bathroom, balcony, and covered parking— designed for comfortable, convenient everyday living.

SCAN TO VIEW PROPERTY

Features

- ✓ 1 Bedroom
- ✓ 1 Bathroom
- ✓ Modern Kitchen
- ✓ Ample Cupboard Space
- ✓ Spacious Living Area
- ✓ Balcony



2 BED, 1 BATH
APARTMENT FOR SALE

R940 000

Well-positioned corner apartment offering 2 bedrooms, 1 bathroom, open-plan living, air conditioning, balcony, and one covered parking bay in a secure, well-maintained setting.

SCAN TO VIEW PROPERTY

Features

- ✓ 2 Bedrooms
- ✓ 1 Bathroom
- ✓ Single Carport
- ✓ Balcony
- ✓ Corner Apartment
- ✓ Ample Cupboard Space

Contact me today! 060 016 0732


ADVERTENSIES

ANDREA OOSTHUYSEN
PR 072 000 0045047

BEHANDELING TUIS VAN LONGTOESTANDE; NEK- EN RUGPYNE, SPIER- EN GEWRIGSPYNE; ALGEMENE VERSWAKKING; REHABILITASIE NA CHIRURGIE EN HOSPITALISASIE.

FOOIE: VOORGESKREWE MEDIESE FONDS TARIEWE.

ANDREA: 082 556 8121



JUDY'S JAM

Konfyt = R65.00 (klein)
Konfyt = R70.00 (groot)
Tamatie, aarbei, perske, appelkoos, fynvye, heelvye, druiwe, pynappel, nartjiemarmelade, kumkwatmarmelade, makataanstukke (groot), fyn makataan, heel kumkwat (R70.00)
Spekkiesatjar (R40.00)

SKAKEL JUDY #2014
SEL NR. 082 565 3243
DANKIE VIR AL JUL ONDERSTEUNING DIE AFGELOPE JAAR.

Ek bied die volgende:

Bybeloortreksels vir R300
Bybeltassies vir R300
Herstel van enige klere

Kontak Lorraine Pretorius
082 222 0560; Eenheid B013

VERVANG VAN HORLOSIEBATTERYE

Herstel van staan- en muurhorlosies en motorhuis remotes.

Kontak Fanie, 083 232 0219 of #2191









Daar het die afgelope twee maande interessante “arts en crafts” in die organisasie gebeur. Februarie het die dames die verjaarsdagalmanakke gemaak onder die leiding van Frieda Raath. Dit was weer deur die dames met oorgawe aangepak en die kreatiwiteit en idees van elke deelnemer was uniek en werklik 'n kunswerk.

Daar was groot afwagting van die lede af oor die paaseierprojek vir Maartmaand, wat deur Trudie Ferreira aan ons aangebied is. Ons wil graag vir Trudie bedank vir die harde werk en lang ure wat sy gespandeer het om hierdie ongelooflike mooi paaseiers te skep en ook met soveel geduld die demonstrasie te gee en ook om ons te help om hierdie pragtige handgemaakte “wonderwerke” te kon bemeester.

Ons het nuwe lede met soveel vriendelikheid welkom laat voel! Dit is so lekker om van hulle te hoor dat hulle so spyt is hulle het nie lankal aangesluit nie. Dit gaan weer daaroor om dames wat net so bietjie geselskap nodig het, vir 'n uur of twee te nooi om te kom ontspan en ander vroue se geselskap te geniet.
Vir die volgende twee maande is daar groot verrassings en opgewondenheid in ons Byekorf. Ons nooi weer die dames wat altyd wonder wat ons doen om saam met ons hierdie oggende te kom bywoon en te geniet met 'n koppie koffie of tee.

KOMBUIS KLETS







PAASFEES ETE

Sondag 5 April 2026
11:30 & 13:00
Gewone Sondag ete pryse per persoon
Bespreek op Golden Spoon of by ontvangs in die eetsaal



RESTAURANT AAND

Vrydag 10 April 2026 | 17:30
Kies uit twee voorgeregte, twee hoofgeregte en drie nageregte
Die spyskaart en pryse sal teen 3 April beskikbaar wees.
Bespreek by ontvangs in die eetsaal
Kom geniet 'n gesellige aand saam met vriende.